

10 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 2:14-41  
Fokusgedeelte: DL, 2:5

### **Glo, en jy sal gered word!**

Nadat Petrus die gekruisigde Christus aan die mense verkondig het, het hulle gevra (vers 37): “Wat moet ons doen, broers?” Met ander woorde: Hoe kan ons deel kry aan die versoening wat die gekruisigde Christus vir ons bewerk het? Petrus se antwoord was (vers 38): “Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus. Dan sal God julle sondes vergewe, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.”

Dit is die belofte van die evangelie “dat elkeen wat in die gekruisigde Christus glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewig lewe sal hê”. Hierdie goeie nuus moet aan alle volke en mense verkondig word, “met die eis tot bekering en geloof”. Die evangelie vra reaksie van elke mens wat dit hoor. Die reaksie wat God van elke mens verwag is bekering en geloof. Alleen deur jou te bekeer en in Christus te glo kan jy deel kry aan die versoening wat Hy bewerk het. Daarom was Petrus se antwoord op die vraag “Wat moet ons doen, broers?” dié oproep: “Bekeer julle ...”

Ons leef in 'n tyd waarin mense glo dit is hulle reg om te glo wat hulle wil. Van die mens se kant af gesien mag dit miskien so lyk, maar van God se kant gesien kan geen mens glo wat hy wil nie! Nee, God verwag van elke mens om in die gekruisigde Christus wat Hy gestuur het te glo. Daar is geen ander manier om deel te kry aan die belofte van die evangelie nie.

Daarom moet ek my elke dag van my sondes bekeer en die evangelie glo. Ook vandag. Dan sal God my sondes vergewe en het ek deel aan die ewige lewe.

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~